

Biblioteek- en Inligtingsdiens

Library and Information Service



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

A photograph of a busy library computer lab. Numerous people are seated at long white desks, each with a computer monitor. The people are focused on their work. In the background, there are silhouettes of people and a large sign with the word 'Lokutundela' (Library) written in reverse. A green and yellow graphic overlay is in the bottom right corner.

**JAARVERSLAG
2013**

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding	1
2. Hoogtepunte van die jaar	2
3. Ons strategiese prioriteite	3
3.1. Herinrigting van biblioteekruimtes	3
3.1.1 Leersentrum	4
3.1.2 Navorsingsruimte	4
3.1.3 Biblioteek vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	6
3.1.4 Biblioteek vir Ingenieurswese en Bosbou	6
3.1.5 Teologiebiblioteek	7
3.2 Bevordering van inligtingsgeletterdheid	7
3.3 Ondersteuning vir en die deel van institusionele vakkundige publikasie-uitsette	9
3.3.1 SUNJournals	9
3.3.2 SUNScholar	9
3.3.3 SUNConferences	10
3.3.4 Ooptoegangpublikasiefonds	10
3.4 Uitbreiding en aanvulling van 'n volledige verskeidenheid inligtingshulpbronne	11
3.4.1 Elektroniese vaktydskrifte	11
3.4.2 Elektroniese boeke	12
3.4.3 Gedrukte boeke	12
3.4.4 Gebruik van elektroniese hulpbronne	13
3.4.5 Katalogisering	13
3.5 Bevorder 'n positiewe organisatoriese leer- en innovasiekultuur onder personeel	13
3.5.1 Konferensies en werksessies in 2013 deur personeel bygewoon	14
3.5.2 Algemene opleidingsprogramme in 2013 deur personeel bygewoon	14
3.5.3 Konferensievoorleggings en publikasies	15
3.6 Voorsiening van baanbreker-infrastruktuur vir inligtingstegnologie	17
3.6.1 Digitalisering en Digitale Dienste	17
3.6.2 SUNDigital Collections	17
3.6.3 Retrospektiewe digitalisering van tesisse en proefskrifte	17
3.6.4 Nuwegenerasie-biblioteekstelsel	17
4. Spesiale Versamelings: Bydrae tot navorsingspublikasie-uitset	18
5. Biblioteek Navorsingsweek	19
6. Selfevaluering en eksterne evaluering	19
7. 13de Jaarlikse Simposium	20
8. Bemarking en kommunikasie	21
9. Slotopmerkings	21

I. INLEIDING

Die IFLA (Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings) het 'n tendensverslag uitgereik wat die vyf hoëvlaktendense in die globale inligtingsomgewing uitwys wat betref toegang tot inligting, opvoeding, privaatheid, burgerlike betrokkenheid en tegnologiese transformasie. Hierdie tendense is gegrond op die aanname dat “tyd in die globale inligtingsomgewing snel beweeg”. In die inleiding word verklaar dat die hoeveelheid inligting wat in 2010 wêreldwyd oorgedra is, vir die eerste keer een zettageep oorskry het – en dat dit na verwagting al om die tweede jaar sal verdubbel. Nuwe digitale inhoud wat in 2011 geskep is, is verskeie miljoene keer soveel as die inhoud van alle boeke wat nog ooit geskryf is.

Die vyf hoëvlaktendense wat in die IFLA-verslag uitgewys word, is:

- Nuwe tegnologieë sal die toeganklikheid van inligting uitbrei sowel as inperk.
- Aanlyn opvoeding sal globale leer demokratiseer en ontwrig.
- Die grense van privaatheid en databeskerming sal heromskryf word.
- Hipergekoppelde samelewings sal na nuwe stemme en groepe luister en hulle bemagtig.
- Die globale inligtingsomgewing sal deur nuwe tegnologieë getransformeer word.

Hoewel die verslag nie die toekoms van biblioteke probeer voorspel nie, bly dit belangrik dat biblioteke na hierdie tendense sal oplet, aangesien dit 'n beduidende invloed gaan hê op die manier waarop biblioteke sal moet aanpas om by die toekoms in te skakel, en hulle so goed moontlik sal moet voorberei om met die veranderende globale inligtingsomgewing tred te hou. Die volgende tien grootste tendense in akademiese biblioteke wat deur die akademiese, universiteits- en navorsingsbiblioteke van die American Library Association uitgewys is, oorheers steeds die biblioteeklandskap:

1. **Kommunikeer waarde:** Akademiese biblioteke moet toon watter waarde hulle tot die akademiese lewe bydra.
2. **Dataretensie en -bestuur:** Die uitdagings van datavaslegging is aan die toeneem namate standarde vir alle soorte data bly ontwikkel. Meer bewaarplekke sal ontstaan – talle daarvan in 'n kuberwolk gesetel; bibliotekarisse en ander inligtingwerkers sal saam met hulle navorsingsgemeenskappe moet werk om hierdie proses te fasiliteer.
3. **Digitale bewaring:** Namate digitale versamelings verouder, groei kommer oor die algemene gebrek aan langtermynbeplanning vir die bewaring daarvan. Dit is onwaarskynlik dat enige strategiese leierskap vir die totstandbrenging van argitektuur, beleid of standarde vir die skep, toeganklikheid en bewaring van digitale inhoud binnekort na vore sal kom.
4. **Hoër onderwys:** Hoëronderwysinstansies betree tans 'n tydperk van fluktuasie en moontlik selfs beroering. Tendense wat dopgehou moet word, is die toename in aanlyn onderrig en aanlyn graadprogramme, globalisering en verhoogde skeptisisme oor die opbrengs op belegging wat 'n universiteitsgraad oplewer. Verskuiwings in die hoëronderwysomgewing sal 'n uitwerking op biblioteke hê wat betref verwagtings oor die ontwikkeling van versamelings, die lewering van versamelings en dienste aan gevestigde sowel as nuwe gehore, en hoe biblioteke steeds hulle waarde teenoor vooginstellings kan bewys.
5. **Inligtingstegnologie:** Tegnologie dryf steeds baie van die toekomsgerigte denke binne akademiese biblioteke.

6. Mobiele omgewings: Mobiele toestelle is besig om die manier te verander waarop inligting afgelewer en onttrek word.
7. Kliëntgedrewe verkryging (PDA) van e-boeke: Die aanduidings is dat PDA die norm vir e-boeke gaan raak. Voordat dit kan gebeur, sal lisensiëringsopsies en modelle vir biblioteeklenings wat e-boeke betref, meer volhoubaar moet raak.
8. Vakkundige oordrag: Nuwe vakkundige oordrag- en publikasiemodelle is teen 'n steeds versnellende pas aan die ontwikkel, wat verg dat biblioteke aktief betrokke moet raak of sal agterbly.
9. Personeel: Akademiese biblioteke moet die personeelkorps ontwikkel wat nodig is om nuwe uitdagings die hoof te bied deur nuwe personeel aan te stel en deur bestaande personeel kreatief te benut of nuut op te lei.
10. Gebruikersgedrag en -verwagtings: Gerief raak alle aspekte van 'n inligtingsoektog – die keuse, toeganklikheid en benutting van bronne.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens (BID) het goed op hierdie tendense en veranderinge gereageer. Ons is besig om ons visie te verskuif om die uitdagings die hoof te bied wat gepaardgaan met vakkundige, tegnologiese, sosiokulturele en ekonomiese faktore wat die Universiteit raak.

Wat belangrik is, is dat ons hierdie verskuiwing doen in ooreenstemming met die Universiteit se posisionering van die US as die toonaangewende navorsingsgerigte hoërondewysinstansie op die Afrikakontinent. Ons glo dat die BID 'n belangrike rol in die gesamentlike opstelling van so 'n kragtige visie kan vervul. Inderdaad getuig verskeie inisiatiewe alreeds van die sinergie wat tussen die BID en die Universiteit bestaan en wat daarop gerig is om die BID se strategiese doelwitte te bereik.

Aansienlike belyning blyk uit ons verbondenheid daartoe om leiding te neem met die transformasie van openheid in vakkundige oordrag, aanlyn riglyne te ontwikkel, informele opleidingsprogramme in geletterdheid aan te bied, innoverende leer- en navorsingsruimtes te ontwikkel, diens van uitmuntende gehalte te lewer en navorsingsteundienste na 'n hoër vlak te neem.

Al hierdie inisiatiewe spruit uit die strewende om die internet optimaal te benut ten einde onbelemmerde toegang tot wetenskaplike inligting te verskaf, en het ten doel om daartoe by te dra dat die Universiteit se navorsingsprodukte sigbaarder op die internet sal wees en gebruik sal word, en om die benutting van inligtings- en kommunikasietegnologie in onderrig en leer te bevorder.


Terselfdertyd vervul die Biblioteek steeds die belangrike funksie van 'n intellektuele tuiste, fisiek én virtueel, vir alle studente en navorsers.



2. HOOGTEPUNTE VAN 2013

Die hoogtepunte van 2013 was:

- Gebruiksvlakke van ons biblioteke en navorsings- en leerruimtes styg steeds.
- Die SUNJournals-platform is met drie vaktydskrifte uitgebrei, wat die totaal op 15 te staan bring.
- SUNScholar het beduidend gegroei, met ongeveer 55 000 bibliografiese inskrywings waarvan 8 505 ook as volledige tekste beskikbaar is.
- Die Webometrics-ranglys het die US in die eerste plek op die Afrikakontinent geplaas.
- Die Ooptoegangpublikasiefonds het die publikasie van 106 artikels in ooptoegangtydskrifte gesubsidieer.
- Ons het SUNDigital Collections van stapel gestuur, wat op ons erfenisversameling fokus.
- Die eerste Biblioteeknavorsingsweek, met die tema 'Get Research SMART @ your Library', is aangebied.
- Ons het ons 13de Jaarlikse Biblioteeksimposium aangebied, met die titel 'Xplore • Xpand • Xceed: Ensuring dynamic academic libraries for the future'.
- Ons het ons derde selfevaluering uitgevoer, en dit met 'n eksterne evaluering opgevolg.



3. ONS STRATEGIESE PRIORITEITE

3.1. HERINRICHTING VAN BIBLIOTEEKRUIMTES

Dit is 'n opwindende tyd vir akademiese biblioteke, aangesien hulle besig is om die manier waarop hulle vir studente tersaaklik is, te verander. Deurdar ruimtes nuut ingerig word om in die behoeftes van studente te voorsien, raak biblioteke nou 'n voorkeurleerruimte op kampus. Nuwe biblioteekruimtes skep 'n hedendaagse leeromgewing met sleutelemente soos ultramoderne tegnologie, 'n sentrale dienspunt, leerruimtes vir individuele sowel as gesamentlike leer, en ruimtes vir sosialisering.

Die doelwit om biblioteekruimtes nuut in te rig met die oog op verbeterde leer, onderrig en navorsing het in 2013 hoog op die prioriteitslys gebly. Die Leersentrum en die Navorsingsruimte in die JS Gericke Biblioteek

het steeds 'n innoverende en stimulerende omgewing gebied wat leer, onderrig en navorsing steun, soos hier onder aangetoon. Die nuwe Biblioteek vir Ingenieurswese en Bosbou het geblyk 'n groot sukses te wees, en goeie vordering is gemaak met planne om die Teologiebiblioteek en die Biblioteek vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op te gradeer


3.1.1 Leersentrum

Die Leersentrum het in 2013 steeds 'n innoverende en stimulerende omgewing gebied wat onderrig en leer steun (figuur 1). Dit bewys dat studente na die Leersentrum terugkeer om deur die semester heen saam te werk, optimale toegang tot hulle leermateriaal te verkry en die ondersteuning van deeglik opgeleide SmartMaties te benut.

- 1 449** ~ Daaglikse studentebesoeke
- 3 794** ~ Toename in aantal unieke studente sedert vorige jaar
- Maart** ~ Besigste maand
- 62 843** ~ Besoeke in Maart
- 10 136** ~ Besoeke deur unieke studente in Maart

Die eksterne evaluering wat in 2013 uitgevoer is, het dit bevestig: Die paneel het die BID geloof vir hulle sterk, voortgesette verbondenheid tot die lewering van uitmuntende kliëntediens. Dit is gegrond op terugvoer wat verkry is van 'n groep voorgraadse studente met wie die paneellede onderhoude gevoer het. Studente het tydens die onderhoude erkenning gegee aan die uitmuntende bystand wat SmartMaties verskaf, veral die studente-assistente wat by die twee algemene inligtingstoonbanke en die hulptonbank in die Leersentrum werk. Die drie hulptonbanke het die meeste navrae in Mei ontvang, toe 3 416 vrae aanteken en verwerk is. Dit sluit by die algemene tendens aan, aangesien Mei gewoonlik 'n besige maand vir inligtingverwante werkstukke is.

Ter ondersteuning van die Biblioteek se geletterdheidsprogram word praktiese werk- en opleidingsessies aangebied in 'n opleidingslaboratorium met 48 sitplekke wat langs die Leersentrum geleë is. Syncteacher, 'n



Figuur 1: Hektelling van gebruikers per jaar (Leersentrum, 2011–2013)

stelsel wat op gehoorrespons reageer, versker interaktiwiteit. Gedurende die Biblioteek se oriënteringsprogram vroeg in 2012 is hierdie toestel gebruik as deel van 'n kompetisie waarvoor studente tydens 'n 15 minute lange bekendstelling aan die Biblioteek se webblad drie vrae moes beantwoord wat met inhoudsleer verband hou. Die gedagte was om seker te maak dat studente onthou waar op die Biblioteek se webblad hulle kan inligting kry oor hoe om hulle werkstukke te doen. Danksy die besondere mengsel van fasiliteite

en dienste wat die Leersentrum bied, het dit die plek geraak waar studente by voorkeur studeer en leer, veral voorgraadse studente. Die gebruikerstatistiek wat gedurende 2013 ingesamel is, bevestig opnuut die Leersentrum se besondere aantrekkingskrag, en regverdig die insluiting daarvan in die US Hoop Projek.

3.1.2 Navorsingsruimte

Die Navorsingsruimte het sy derde jaar betree en is besig om 'n gevestigde en geïntegreerde deel van die BID te raak. Soos in vorige jare is die Navorsingsruimte op groot skaal benut, wat bewys dat meesters- en doktorsale

studente 'n behoefte aan so 'n toegewyde ruimte het. Die boekversameling oor navorsingsverwante aspekte (soos navorsingsmetodes, wetenskaplike skryfwerk en data-insameling en -ontleding) was voortdurend in aanvraag, en baie studente het opgemerk hoe nuttig dit is. Die figuur hier onder toon die verspreiding van gebruikers per fakulteit. Gebruikers het hoofsaaklik tafelrekenaars gebruik, hoewel die aanvraag na skootrekenaars ook toeneem het. Die Navorsingsruimte se 6 skootrekenaars is 826 keer in die loop van die jaar uitgereik.

549 ~ Besoeke deur unieke studente per maand


09:00-16:30 op woensdae ~ Spitsverbruiktye

174 ~ Navrae per maand

Tegniese inligting en
tegnologieverwante probleme

Navorsingsbestuur en die
vermyding van plagiaat ~ Soorte
navrae

Die bladuitleg van tesse en
proefskrifte



Figuur 2: Gewone gebruik van die Navorsingsruimte deur M- en D-studente, per fakulteit (Jan–Okt 2013)

Die afdeling se vier seminarlokale was voortdurend in aanvraag. Altesaam 552 groepbesprekings, Skype-sessies, klein werksessies, opleidingsessies, navorsingsverwante byeenkomste, navorsingsbesprekings, ontmoetings tussen promotors en studente, sowel as ander bedrywighede het in die onderskeie lokale plaasvind. Die videokonferensiefasiliteit, wat in een van die seminarlokale beskikbaar is, het in aanvraag gebly en het beslis tot die bevordering van wetenskaplike kommunikasie en navorsingsproduktiwiteit bygedra. Dit is in die loop van die jaar 40 keer gebruik vir PhD-mondelinge, besprekings met buitelandse promotors, ontmoetings met navorsingsgenote en virtuele vergaderings met die Nasionale Navorsingstigting en die Raad vir Wetenskaplike en Bedryfsnavorsing.

Ter ondersteuning van die Universiteit se strewe na uitnemende navorsing, verhoogde navorsingsuitsette en verbeterde nagraadse deurset is verskeie nuwe opleidingsgeleenthede vir navorsers en navorsingstudente ontwikkel. Die nuwe sessies het gehandel oor gratis verwysingbestuurstelsels, die doeltreffende gebruik van Sage Research Methods Online en die keuse van 'n vaktydskrif vir die publikasie van navorsingsartikels. Soms is sessies aanlyn aangebied om afkampusgebruikers te akkommodeer. Verskeie sessies is ook in vakgidse omgeskakel en op die Biblioteek se webblad beskikbaar gestel. Die Navorsingsruimte het 34 werksessies aangebied, wat deur 386 nagraadse studente en personelede bygewoon is. Die relatief lae bywoningssyfer weerspieël waarskynlik die feit dat nagraadse studente meestal afkampus is en hoofsaaklik elektroniese dienste benut. Dit verplig die Biblioteek om aanlyn opleiding as prioriteit te stel.

Die nou gevestigde gebruik om met ander steunafdelings op kampus sowel as met ander biblioteekafdelings saam te werk, het steeds prioriteitstatus geniet. 'n Samewerkingsooreenkoms met die Skryflaboratorium is

voortgesit om in gebruikers se duidelike behoefte aan skryfhulp te voorsien. Verskeie maatreëls is ingespan om gebruikers in te lig oor die dienste, hulpmiddels en fasiliteite wat tot hulle beskikking is, om kommunikasie aan te moedig en om as podium vir gemeenskaplikheid te dien. Dit is gedoen deur middel van die Navorsingsruimte se webblad, gereelde Facebook- en Twitter-boodskappe, en die Navorsingsruimte se blog.



3.1.3 Biblioteek vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Die huidige biblioteek het in 1974 tot stand gekom. Snel veranderings in die biblioteek- en inligtingswetenskap sowel as in gesondheidsdissiplines die afgelope aantal jare het dit noodsaaklik gemaak om hierdie biblioteek se fasiliteite en dienste te revalueer en om kliënte se behoeftes te probeer verstaan en daarby aan te pas. 'n Nuwe funksionele ruimte moet geskep word vir kliënte om in 'n tegnologies gevorderde omgewing te studeer en te werk.

Lindberg en Humphreys (2005:1067) redeneer dat 'die biblioteek as 'n ruimte' 'n belangrike faktor op kampus sal wees as die ruimtes aantreklik, sentraal geleë en tegnologies byderwets is, en ingerig om groepe te akkommodeer sowel as individue wat ruimte en stilte nodig het. In navolging van hierdie benadering sal die oogmerk wees om die Biblioteek vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe te ontwikkel tot 'n lewendige en aantrekklike fisieke en virtuele ruimte wat studente die geleentheid bied om sosiale netwerke op te hou sowel as om selfstudie te doen. Die nuwe biblioteek sal die Universiteit se e-leer-inisiatief bevorder en die rekenaar-gebruikareas van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe steun.

'n Behoeftebepaling oor die ontwikkeling van verskeie ruimtes is gedoen, en die gevolgtrekkings is aan die aangestelde argitek te oorgedra. Die argitek te is besig om die vloerplan van die voorgestelde nuwe biblioteek op te trek.

3.1.4 Biblioteek vir Ingenieurswese en Bosbou

Die nuwe Biblioteek vir Ingenieurswese en Bosbou in die Kennisentrum van die Fakulteit Ingenieurswese is in Augustus 2013 amptelik geopen. Die geleentheid is deur afgevaardigdes uit die bedryf en van die Departement van Hoër Onderwys sowel as US-personeel en ander gaste bygewoon. Die nuwe, byderwetse fasiliteite is steeds baie gewild onder studente en personeel van die Fakulteit en van die Departement Bosbou. Die feit dat die toegang-

20 000	~ Gemiddelde aantal besoekers per maand
35	~ Geslaagde opleidingsessies gehou
793	~ Seminaarlokaalreserverings
1 634	~ Ure in die seminaarlokaal
850	~ Ontvangstoonbanknavrae per maand
Augustus	~ Besigste maand - studente moet hulle praktiese verslae ná die Junie-reses inlewer, en finalejaars moet hulle verslae begin afhandel

¹ Lindberg, D.A. & Humphreys, B.L. 2005. 2015 – The future of medical libraries. *New England Journal of Medicine*. 352 (11):1067-1070.

syfers dubbel soveel as vir die ou biblioteek is, bevestig dit. Sommige departemente in die Fakulteit het ook die goed toegeruste e-klaskamer vir kortkursusse en deelnemende praktiese klasse gebruik. Verder was die seminaarlokale besonder gewild onder finalejaars wat aan groeiprojekte werk, en is die elektroniese toerusting ook deeglik benut.

Die nuwe Biblioteek het 'n integrale deel van die Fakulteit ge-raak aangesien dit so naby aan alle departemente in die Fakulteit geleë is. Tydens 'n informele opname in 2013 is studente gevra in watter mate die Biblioteek in hulle behoeftes voorsien. Die oorweldigende reaksie was baie gunstig, maar die behoefte aan langer ure is uitgelig. Saterdagure is tydens die tweede helfte van die jaar ingestel.




3.1.5 Teologie Biblioteek

Die Teologie Biblioteek benodig fisieke ruimtes wat studentesukses sal bevorder en navorsingsproduksie sal verhoog. Aangesien die Fakulteit Teologie nie naby die hoofbiblioteek geleë is nie, is daar 'n behoefte aan veel-doelige ruimtes wat formele en informele saamwerksituasies én individuele studiegeleentheid kan huisves in dieselfde gebou waar studente klas loop. Die Teologie Biblioteek is die geskikste hiervoor. Die heruitleg van die Teologie Biblioteek sal deel uitmaak van die tweede fase van opgraderingswerk aan die Fakulteit Teologie.


3.2. BEVORDERING VAN INLIGTINGSGELETERDHEID

In die strewe om in die veranderende behoeftes van studente in die 21ste eeu te voorsien, kry inligtingsgeletterdheid toenemend groter voorrang onder ons bedrywighe. Die omvattende stel vaardighede wat met inligtingsgeletterdheid saamgaan, word beskou as 'n beduidende bydraende faktor tot studentesukses, studenteursette en die ontwikkeling van 'n toekomstige korps nagraadse studente aan die Universiteit. Inligtingsgeletterdheid berei studente ook voor op lewenslange leer, en bemagtig hulle om aan die kennisgedrewe ekonomie deel te neem. Die belangrike rol van inligtingsgeletterdheid in die aankweek van aktiewe, doeltreffende en verantwoordelike burgerskap moet ook nie onderskat word nie. Hierdie groeiende imperatiewe om doeltreffende opleiding in inligtingsgeletterdheidsvaardighede te verskaf, gaan gepaard met aansienlike uitdagings wat betref leweringmodus en aanpassing van die inhoud. So vereis veranderende pedagogie skerper fokus op kritiese denkvaardighede en samewerkende leer. Veranderende gebruikersgedrag dui verder op interaktiewe, aanlyn leer wat volgens 'n selfgereguleerde pas en by die behoeftepunt geskied.

In reaksie op die uitdagings wat inligtingsgeletterdheid betref, kon ons daarin slaag om ons reikwydte aansienlik uit te brei gemeet aan die aantal studente wat opleidingsessies in 2013 bygewoon het. Altesaam 16 279 studente het aan die een of ander vorm van inligtingsgeletterdheidsopleiding deelgeneem wat die Biblioteek gedurende die jaar aangebied het (figuur 3b). Dit is 'n toename van 12% sedert 2012. Hoewel dit bemoedigend is, is hierdie syfer steeds laer as die 16 386 studente wat in 2011 bereik is (figuur 3a).



Figuur 3a: Totale aantal voorgraadse studente opgelei in 2011–2013




Figuur 3b: Voorgraadse studente opgelei in 2013, verdeel volgens soort opleiding


'n Belangrike strategie om die reikwydte van die Biblioteek se opleidingsprogram uit te brei, was om die benadering van wisselende loci te volg (kurrikulumgeïntegreerde, kurrikulumverwante en generiese kontakssessies en 'n aanlyn gids). Onder die beskikbare kategorieë het kurrikulumverwante kontakssessies in die Biblioteek of in klaskamers steeds die oorgrote meerderheid opleidingsessies uitgemaak: 5 054 studente het in 2013 aan hierdie soort opleiding deelgeneem. Kredietdraende inligtingsgeletterdheidskursusse het gedurende dieselfde tydperk van 7 tot 8 toegeneem. Hoewel dit 'n klein aantal is, word hierdie vorm van inligtingsopleiding as die heel beste beskou danksy die toegepaste tersaaklikheid en geïntegreerde assessering daarvan.

'n Nuut ontwikkelde inligtingsgeletterdheidsgids, wat die Biblioteek in 2013 bekendgestel het, het 'n enorme invloed gehad op ons vermoë om afkampus- en virtuele gebruikers te bereik en te ondersteun. Die vakgids *How do I find, access and use information effectively: A step-by-step guide* gee studente leiding oor hoe om inligting doeltreffend op te spoor, te onttrek en te benut met die oog op die afhandeling van werkstukke. Hierdie vakgids is 29 349 keer in 2013 oopgemaak. Die geslaagdheid van die vakgids onderstreep Adebonojo se stelling (2010) dat studente 'n tweede vlak van ondersteuning nodig kry wanneer hulle navorsingswerkstukke aanpak. Die hoë volume verkeer na hierdie vakgidsskakel bied ook die mees tasbare bewys van die Biblioteek se belangrike rol as bydraer tot sukses onder die studentekorps.

Die aantal nagraadse studente wat in 2013 aan opleidingsgeleenthede deelgeneem het, het aansienlik vermeerder sedert 2012, maar steeds nie die 2011-syfers geëwenaar nie. Uit die altesaam 5 099 nagraadse studente wat gedurende 2013 opgelei is (figuur 4a), het 1 162 sessies bygewoon wat deel van die generiese nagraadse opleidingsprogram uitmaak (figuur 4b). Die gewildste sessies in hierdie kategorie was 'Improving your literature search strategy', gevolg deur 'Reworks: Reference management for beginners' en 'Submitting your thesis/dissertation to SUNScholar'.



Figuur 4a: Totale aantal nagraadse studente opgelei in 2011–2013



Figuur 4b: Nagraadse studente opgelei in 2013, verdeel volgens soort opleiding

3.3. ONDERSTEUNING VIR EN DIE DEEL VAN INSTITUSIONELE VAKKUNDIGE PUBLIKASIE-UITSETTE

Die inwerkingstelling en bevordering van ooptoegang-inisiatiewe is belyn met die US se strategiese doelstellings om sy kennisbasis uit te brei en 'n belangrike rolspeler in die globale kenniseconomie te raak. Ooptoegangsteun by navorsingsinstansies is 'n wêreldwye verskynsel, wat beteken dat die sigbaarheid, benutting en uitwerking van navorsingsuitsette bevorder word sonder dat die integriteit van die finale navorsingsproduk of akademiese publikasie-energie aangetas word.

Die BID het in 2013 voortgebou op bestaande ooptoegangsdienste, wat die volgende ingesluit het: huisvesting van US-geaffilieerde vaktydskriftitels via SUNJournals, die sentralisering en digitale argivering van SUN- navorsingsuitsette via SUNScholar, en die aanbieding en bestuur van aanlyn konferensies sowel as die publisering van konferensiestukke via SUNConferences.

3.3.1 SUNJournals

Die huisvesting en bestuur van ooptoegang- eweknie-beoordeelde titels wat met die US geaffilieer is, was hoogs geslaagd. Die meeste van hierdie titels was voorheen slegs in druk beskikbaar. Danksy wye beskikbaarstelling via 'n ooptoegangvaktydskrif-huisvestingsplatform het die aantal kere wat elke artikel afgelaai is, ontsaglik toegenem. Die BID huisves nou altesaam 15 ooptoegangtydskrifte op die SUNJournals-platform, waarvan drie in 2013 bygevoeg is. Hierdie vaktydskrifte is in die Directory of Open Access Journals (DOAJ) geïndekseer, en alle soekenjins kan die volledige teks deursoek. Ons verskaf steeds 'n toegevoegde-waarde-diens aan die redaksie van elk van hierdie vaktydskrifte, byvoorbeeld eISSN- en DOI (CrossRef)-registrasie en deur die vaktydskrif opspoorbaar in alle belangrike lysse van ooptoegangvaktydskrifte te maak.

Om so 'n diens te lewer verg voortdurende steun en opleiding. Werksessies is aangebied om nuwe vaktydskrifte bekend te stel, en die diens word hoogs volhoubaar gemaak danksy gereelde kommunikasie, die fasiliteerders se kundigheid en gereelde opdatering. 'n Memorandum van Ooreenkoms is in 2013 geformaliseer, en alle vaktydskrifredakteurs het 'n formele ooreenkoms met die BID aangegaan.

3.3.2 SUNScholar

Die versameling tesisse en proefskrifte op SUNScholar het in 2013 steeds gegroei: 865 tesisse en proefskrifte is tydens die gradurerings tydperke in Maart 2013 en Desember 2013 ontvang. Navorsingsartikels uit ooptoegangpublikasies is bekom en by die bewaarplek gevoeg om te verseker dat die US se navorsingsartikels uitset so wyd moontlik toeganklik is. Die gebruik van SUNScholar het in 2013 toegeneem in vergelyking met die aantal artikels wat afgelaai en besoek wat gebring is in 2012.

Ondanks beperkte kapasiteit is alles moontlik gedoen om die volledige teks van navorsingsartikels wat voorheen gepubliseer is (ongeveer 600) en gedigitaliseerde tesisse en proefskrifte (ongeveer 155) retrospektief by die bestaande versameling te voeg. 'n Beduidende verskil sal egter 'n sterker verbintenis vanuit die navorsingsgemeenskap verg, ook wat die Webometrics- ranglys van institusionele bewaarplekke betref. SUNScholar beklee tans die 3de plek op die kontinent en die 129ste plek in die wêreld. SUNScholar was 'n bepalende faktor in die verspreiding van navorsingsuitsette onder navorsers wêreldwyd, waarby die US op talle maniere gebaat

het. Vele geleentehede is benut om met fakulteite oor oop toegang te skakel, en tydens 2013 is 'n nuwe kursus bykomend tot die reeds bestaande kursusse aangebied. Dit handel oor die uitwerking van oop toegang op die sitasiekoers van publikasies. Die BID het vir die eerste keer virtuele opleidingsessies (webinare) aangebied, wat uiters gunstig ontvang is deur studente en akademië, wat die opleiding vanuit hulle woonplek, kantoor of laboratorium kon bywoon – of vanaf enige ander plek ter wêreld waar hulle hul op daardie tydstip bevind het.

Year	Web visits	Full-text downloads
2012	232 489	88 563
2013	347 437	104 813

Tabel 1: SUNScholar-webbesoeke en volledige tekste wat afgelaai is

3.3.3 SUNConferences

Vyf konferensies/simposiums is gedurende 2013 op die SUNConferences-platform aangebied. Hierdie platform het oop toegang tot die konferensiestukke van al hierdie geleentehede gebied. Tot dusver is ses konferensiewebladsye suksesvol gehuisves. Die konferensiestukke is ook gepubliseer, wat verder bydra tot die waardes van oop toegang, wat deur die US ondersteun word.

3.3.4 Ooptoegangpublikasiefonds

Ten einde toegang tot navorsing te probeer uitbrei, het die Biblioteek in 2011 die stigting van 'n fonds aangekondig om fakulteitsnavorsers die publikasiefooi van ooptoegangtydskrifte te help betaal. Daardie aankondiging het gekom nadat die Biblioteek reeds sedert 2009 die publikasie van artikels op die bekende ooptoegangplatform BioMed Central suksesvol gefinansier het. Volgens die tradisionele model van vakkundige publikasie word die publikasiekoste hoofsaaklik deur intekeningsgeld gedek, wat onvermydelik toegang versper. Ooptoegangpublikasie is 'n alternatiewe model wat gepubliseerde inhoud vryelik tot almal se beskikking stel. Om die publikasiekoste te dek, hef ooptoegangtydskrifte egter publikasiefooi.

Jaar	Aantal artikels befonds
2009	3
2010	14
2011	31
2012	56
2013	106
Totaal	210

Tabel 2: Aantal artikels per jaar befonds sedert stigting

Jaar	2009	2010	2011	2012	2013	Total
AgriWetenskappe	0	2	7	5	9	23
Lettere en Sosiale Wetenskappe	2	0	1	2	4	9
Sentrum vir Onderrig en Leer	0	0	1	1	0	2
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	0	0	0	2	12	14
Ingenieurswese	0	0	0	0	3	3
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	1	9	20	26	40	96
Natuurwetenskappe	0	3	2	10	15	30
Teologie	0	0	0	10	23	33
Totaal						210

Tabel 3: Fakulteitsbenutting van die fonds – aantal artikels

Weens die skerp toename in die getal sowel as prys van aanlyn en gedrukte vaktydskrifte, kan biblioteke nie meer op alle tersaaklike literatuur inteken nie. Dít kan moontlik navorsers en studente se toegang tot nodige navorsing vir hul vakkundige bedrywighede in gedrang bring. Tans bestee die Universiteitsbiblioteek jaarliks 'n geraamde R41,5 miljoen aan intekenings. Ons begrotingstoewysing vir intekenings is nie genoeg om met die stygende getal en pryse van vaktydskrifte tred te hou nie. Met die vestiging van die US se Ooptoegangpublikasiefonds kan fakultetsnavorsers egter nou in die loop van 'n akademiese jaar om finansiering van tot R25 000 per outeur aansoek doen.

Sedert die stigting van die Ooptoegangpublikasiefonds in 2009 het die Biblioteek altesaam 210 artikels ten bedrae van R2 260 077,02 befonds. In die tydperk 2009–2013 is 183 van hierdie artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte gepubliseer, terwyl die orige 27 in nie-geakkrediteerde vaktydskrifte verskyn het. Die Biblioteek het in 2013 befondsingsaansoeke vir 106 ooptoegangartikels goedgekeur. Uitbetalings ten bedrae van R1 115 519 is vir ooptoegangartikels aan US-navorsers gedoen. Tabel 2 toon die aantal artikels wat per jaar befonds is sedert die Ooptoegangpublikasiefonds in 2009 gestig is. Tabel 3 toon die aantal befondsingsaansoeke per fakulteit. In geval van mede-outeurs word die fakulteit van die hoof- bydraende outeur hier aangetoon.

3.4. UITBREIDING EN AANVULLING VAN 'N VOLLEDIGE VERSKEIDENHEID INLIGTINGSHULPBRONNE


Die Biblioteek konsolideer steeds verhoudinge en belyn steeds dienste met fakulteite en die breër universiteitsgemeenskap rakende die verskaffing van inligtingshulpbronne. Die Biblioteek se begroting vir voorraadbestuur het in 2013 van R42 251 651 tot R50 659 906 verhoog. Dit is 'n verhoging van 19.9% sedert 2012. Nietemin het geldelike beperkings, hoofsaaklik weens die verswakking van die rand teenoor buitelandse geldeenheide, veroorsaak dat slegs die mees noodsaaklike nuwe hulpbronne in 2013 by die versameling gevoeg kon word. Die Biblioteek onderneem steeds verskeie bemerkings- en reklameaktiwiteite om studente sowel as personeellede aan te moedig om inligtingshulpbronne te benut sodat die enorme belegging wat die Universiteit tans in die Biblioteek maak, beter opbrengs kan lewer. Die voortdurende opgradering van die versameling is bedoel om die gehalte van studente se studie-ervaring te verbeter. Die Biblioteek verkry steeds nuwe materiaal en brei steeds bestaande versamelings uit om steun te kan bied aan nuwe fakultetslede en opkomende velde van onderrig en leer. Die versameling word ook voortdurend geassesseer vir die waarde van die materiaal wat gehou word, en items word onttrek om redes soos dat die inhoud verouderd is of dat die tydskrifte nou in elektroniese formaat beskikbaar is.

Elektroniese materiaal is hoofsaaklik via die databasisse beskikbaar. Hoewel hierdie groter, multidissiplinêre databasisse en vaktydskrifpakkette goed benut word, word alles moontlik gedoen om te verseker dat biblioteekgebruikers ook bewus is van die kleiner databasisse en pakkette waarop ons ingeteken is. Met hierdie oogmerk word skyfies op die plasmaskerms in die hoof- en die takbiblioteke sowel as op die Biblioteek se webblad vertoon en elke week afgewissel. Die Biblioteek bied voortdurende opleiding en steun om te verseker dat kliënte weet hoe om die beste hulpbronne vir hulle navorsing en studie uit te kies, en hoe om die elektroniese hulpbronne doeltreffend te benut.

3.4.1. Elektroniese vaktydskrifte

Die Biblioteek bied toegang tot ongeveer 125 202 vaktydskrifte en reekstitels wat tans in omloop is, waarvan byna almal elektronies vir die Biblioteek se kliënte beskikbaar is. Die aantal elektroniese vaktydskrifte in die versameling

het van 114 840 titels in 2012 tot 123 941 in 2013 toegeneem. Figuur 5 toon die toename in die aantal titels. Dit sluit alle aanlynvaktydskrifte in wat via databasisse en tydskrifpakkette beskikbaar is. Altesaam 18 vaktydskriftitels is in 2013 in slegs elektroniese formaat omskep. Dit stem ooreen met voorraadbestuur en gebruikstendense in akademiese biblioteke wêreldwyd.




Figuur 5: Volledige-tekst-vaktydskrifte wat via die Biblioteek se A-Z-lys beskikbaar is vir 2007 - 2013

3.4.2 Elektroniese boeke

Daar is 423 titels in 2013 by die Biblioteek se e-boek-versameling gevoeg. Verdere inisiatiewe behels die ontwikkeling van e-boeke. Die Biblioteek evalueer tans hoe verkryging kan verbeter word. Die model van kliëntgedrewe verkryging (PDA) is in 2013 ondersoek en 'n ooreenkoms is reeds met een van die groot e-boek-platforms, Proquest, onderteken. PDA is 'n proses waardeur e-boeke via die aanlyn biblioteekatalogus aan biblioteekgebruikers beskikbaar gestel word, maar die boeke word nie aangekoop nie totdat daar voldoende aanvraag via korttermynlenings is en die gebruik van 'n sekere titel 'n vasgestelde drempel bereik. Met hierdie model kan biblioteke items verkry op grond van gebruikers se onmiddellike behoeftes. Dit bied kostedoeltreffende toegang tot titels wanneer nodig, soos nodig, en haal daarmee die raaiwerk uit seleksie en verwyder struikelblokke vir toeganklikheid.

3.4.3 Gedrukte boeke

Gedrukte versamelings groei steeds, hoewel stadig – in teenstelling met elektroniese versamelings. Ongeveer 10 923 nuwe gedrukte boeke is in 2013 by die versameling gevoeg. Ongeveer 10 923 nuwe gedrukte boeke ten bedrae van R4 338 234 is in 2013 by die versameling gevoeg. Die gemiddelde koste per boek was R513,42 in 2011, in vergelyking met R599,15 in 2012 en R647,30 in 2013.



Figuur 6: Grootte van die gedrukte versameling (2003–2013)

3.4.4 Gebruik van elektroniese hulpbronne

Die tendens in 2013 – om meer van elektroniese hulpbronne gebruik te maak (altesaam 1 234 270 volledige tekste is afgelaai, teenoor 1 101 144 volledige tekste in 2012) – sal na verwagting in die jare wat kom, voortduur. Die Biblioteek brei steeds hulpbronne in fisieke sowel as digitale formaat uit, en opspoorbaarheid en toegang is fisiek sowel as virtueel. Die statistiek hier onder is gegrond op die aantal artikels per databasis waartoe toegang tot die volledige teks verkry is. Besonderhede van gebruikstatistiek kan van die fakulteitsbibliotekaris aangevra word.

Databasis	Volledige tekste afgelaai
JSTOR	181 371
ScienceDirect	165 959
Wiley Online Library Full Collection	109 257
Springer/Kluwer-pakket volledigeteks-tydskrifte	91 300
Academic Search Premier	89 142
SA Gazettes-argief (1910–1993)	77 766
McGregor BFA	69 565
PsycARTICLES	66 575
Taylor & Francis SSH- en S&T-vaktydskrifversameling	62 886
IEEE/IET Electronic Library (IEL) – Conference	51 080
EBSCOhost-navorsingsdatabasisse (Premier-pakket)	44 503
HeinOnline	33 648
ACS-(American Chemical Society)publikasies	32 745
Sage Premier-vaktydskrifversameling	32 248
Journals@Ovid	31 780
BioMed Central	22 280
AccessMedicine	19 298
Emerald	18 358
MasterFILE Premier	17 916
Statutes of SA	16 593
Totaal	1 234 270

Tabel 4: Die 20 topdatabasisse – volledige tekste afgelaai

3.4.5 Katalogisering

Die US se BID-katalogiseerders het 'n kursus oor die gebruik van Resource Description and Access-(RDA-) katalogiseringstandaarde bygewoon. RDA is volgens die funksionele vereistes vir bibliografiese rekords (Functional Requirements for Bibliographic Records) georganiseer. Hierdie beginsels toon die gebruikertake wat 'n biblioteekkatalogus behoort moontlik te maak. Dit toon ook 'n hiërargie van verhoudings in bibliografiese data. Alle groot biblioteke ter wêreld is aan die omskakel na RDA, en vanaf 2016 sal dit die enigste standaard wees wat die OCLC WorldCat erken.

In Suid-Afrika neem die Nasionale Biblioteek die voortou met opleidingsessies, en alle akademiese biblioteke is besig om RDA in te stel. Die US doen alreeds oorspronklike katalogisering volgens die nuwe standaard. Die Afdeling Katalogisering het 'n RDA-kernrekord vir Suid-Afrikaanse biblioteke help skep. Meer as 20 000 items is in die Biblioteek se katalogus gekatalogiseer, en die Biblioteek

se eie versamelings is by OCLC WorldCat gevoeg. 'n Terugwinningsprojek om die Biblioteek se versamelings te synchroniseer met dié wat in WorldCat gemerk is, is onderneem en suksesvol uitgevoer. Dit sal die sigbaarheid van die Biblioteek se versamelings verhoog.

3.5. BEVORDER 'N POSITIEWE ORGANISATORIESE LEER- EN INNOVASIEKULTUUR ONDER PERSONEEL

Een van ons strategiese aksies tydens 2013 was om 'n personeelkorps te ontwikkel wat gemotiveerd, aktief en gefokus is, en daarop ingestel om 'n bydrae te lewer. Personeelopleiding- en -ontwikkelingsplanne volgens die vaardighede wat die onderskeie posbeskrywings en persoonlike-ontwikkelingsplanne van elke personeellid verg, word jaarliks

saamgestel en deur die afdelingshoofde hersien. Hierdie ontwikkelingsplanne is in lyn met die strategiese aksies van die US en die BID, en begrond al die Biblioteek se personeelopleiding- en -ontwikkelingsaktiwiteite.

3.5.1 Konferensies en werksessies in 2013 deur personeel bygewoon

- South African National Library and Information Consortium-(SANLiC-)werksessie, Johannesburg, Suid-Afrika, 13–16 Mei
- South African Digital Initiative-werksessie oor digitalisering en digitale biblioteke, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, Suid-Afrika, 27 Februarie – 1 Maart
- 15de jaarlikse Library and Information Association of South Africa-(LIASA-)konferensie, Kaapstad, Suid-Afrika, 8–11 Oktober
- Southern African Research and Innovation Management Association-(SARIMA-)konferensie, Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA), Kaapstad, Suid-Afrika, 8–11 Julie
- 34ste jaarlikse International Association of Technical and University Libraries-(IATUL-)konferensie, Kaapstad, Suid-Afrika, 14–18 April
- Berlin 11 Open Access-konferensie, Berlyn, Duitsland, 19–20 November
- 10de Northumbria International Conference on Performance Measurement in Libraries and Information Services, York, Verenigde Koninkryk, 22–25 Julie
- 5de African Conference for Digital Scholarship and Curation, Universiteit van KwaZulu-Natal, Suid-Afrika, 26–28 Junie
- IFLA World Library and Information Congress, Singapoer, 17–23 Augustus
- Multi-stakeholder Experts' Meeting on the Development of Curriculum and SDL Tools for Open Access, Nieu-Delhi, Indië, 4–6 September
- Online Computer Library Centre (OCLC) Streeksraadsvergadering vir Europa, die Midde-Ooste en Afrika (EMEA)

3.5.2. Algemene opleidingsprogramme in 2013 deur personeel bygewoon

- Kursusse van die Kaapse Hoër Onderwys Konsortium (CHEC) oor leierskap en projekbestuur
- Opleidingsessies deur US Informasietegnologie en ander rekenaarkursusse, byvoorbeeld MS PowerPoint, Word, Outlook en Excel
- Kursusse van die US Taalsentrum, soos 'Korrespondensie en e-pos in jou amptelike hoedanigheid', 'Skryf effektiewe verslae en voorleggings' en 'Masazane' ('n inleiding tot Xhosa-taalverwerwing)
- Kursusse van US Menslike Hulpbronne, soos dié oor streshantering en prestasiebestuur
- RDA-opleiding
- 'In Tuition': 'Train the Trainer'-kursus

Ons erken die waarde van mentorwerk as 'n werktuig van organisatoriese leer en as 'n sleutelaktiwiteit binne die Universiteit se oorhoofse benadering tot personeelleer en -ontwikkeling. Agt lynbestuurders het ingeskryf vir die drie-dae-mentorskapskursus wat die Afdeling Menslike Hulpbronne aanbied. Personeellede is dit eens dat waardevolle basiese afrigtings- en mentorskapsvaardighede ontwikkel is wat in hulle werkomgewings toegepas kan word, soos hoe om te luister, vrae te stel en konstruktief te kommunikeer.

In die steeds veranderende akademiese en hoërsonderwysomgewing is daar 'n groot behoefte dat personeel nuwe vaardighede en kennis sal aanleer wat verder as die tradisionele stel biblioteekvaardighede strek. In 'n



ondersoek oor die ontwikkeling van nuwe vaardighede en vermoëns is 'n aanlyn opname oor personeelvermoëns in 2013 ontwikkel en uitgevoer. Altesaam 68 personelede het aan die opname deelgeneem, en die bevindings toon groot vaardigheidstekorte en 'n groot behoefte aan opleiding wat die volgende onderwerpe betref: datavaslegging, data-ontginning, digitale bewaring, die bestuur van e-bewaarplekke, ooptoegangpublikasie, navorsingsvaardighede en die gebruik van sosiale media in die biblioteekomgewing. Pasgemaakte opleiding- en inligtingsessies oor hierdie besondere nuwe vaardighede sal gedurende 2014 van stapel gestuur word.

Personeel word voortdurend heropgelei om aan die eise van die veranderende omgewing te voldoen. Wanneer 'n pos vakant raak, word dit geëvalueer om optimale toepaslikheid en doelmatigheid te verseker. Waar nodig, word nuwe en bestaande poste só gestruktureer dat vir die lewering van nuwe dienste voorsien word.

Ure wat aan gereelde opleiding en ontwikkeling bestee is, is aangedui. Die onderwerpe wat gedurende hierdie ontwikkelingsure gedek is, is in verband gebring met die breër welweesspektrum, wat elemente soos emosionele, sosiale, intellektuele, geestelike en fisieke welwees insluit. Hierdie tweeweeklikse ontwikkelingsessies is ook gebruik as geleentheid om personeel aan nuwe ontwikkelings en tendense in die biblioteekberoep bloot te stel, om hulle oor nuwe dienste van die Biblioteek in te lig en om sake van algemene belang te bespreek.

Personeel het ook aktief deelgeneem aan instusionele aktiwiteite (deur die US Welweeskantoor gereël) wat hulle welwees bevorder, soos die Pretloop, die 'Amazing Access'-wedloop, die US Sportdag, Golden Key Toasties for Tummies, die veldtog om speelgoed te skenk en die maandelikse middagetpraatjies wat Welwees aanbied.



3.5.3 Konferensievoorleggings en publikasies

VOORLEGGINGS BY KONFERENSIES EN WERKSESSIES IN 2013

- Bennett, S. Marketing e-things: how? South African National Library and Information Consortium-(SANLiC-)werksessie, Johannesburg, Suid-Afrika, 13–16 Mei.
- De Lange, I. Patron-driven acquisitions: comments from the coalface. South African National Library and Information Consortium-(SANLiC-)werksessie, Johannesburg, Suid-Afrika, 13–16 Mei.
- Klapwijk, W. 2013. A concept preservation model for Research and Education repositories designed with storage replication (e-poster). Fifth African Conference for Digital Scholarship and Curation, Universiteit van KwaZulu-Natal, Suid-Afrika, 26-28 Junie.
- Raju, R & Schoombee, L. Research support in a 21st century academic library: a case study of Stellenbosch

- University Library and Information Service. Southern African Research and Innovation Management Association-(SARIMA-)konferensie, 'Promoting Research Excellence, Relevance and Impact: the Research and Innovation Manager's role', Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA), Kaapstad, Suid-Afrika, 8 Julie.
- Roux, M. The analysis of LibQUAL comments with the assistance of a SharePoint list. 10de Northumbria International Conference on Performance Measurement in Libraries and Information Services, York, Verenigde Koninkryk, 22-25 Julie.
 - Schoombee, L & Du Plessis, P. Making the link: the library's role in facilitating research collaboration. Voorlegging gelewer by die 34ste jaarlikse International Association of Scientific and Technological University Libraries -(IATUL-)konferensie, Kaapstad, Suid-Afrika, 15 April.
 - Schoombee, L. Are we with-it? Research support services at an academic library. 15de jaarlikse Library and Information Association of South Africa-(LIASA-)konferensie, Kaapstad, Suid-Afrika, 8 Oktober.
 - Seyffert, M. Here today... here tomorrow: sustainable digital collections: the Stellenbosch experience. South African Digital Initiative-werksessie oor digitalisering en digitale biblioteke, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, Suid-Afrika, 27 Februarie – 1 Maart.
 - Seyffert, M & Klapwijk, W. New and innovative services which broaden libraries' borders: SUNDigital Collections. 13de jaarlikse Biblioteeksimposium van die Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch, Suid-Afrika, 14–15 November.
 - Smith, I, Raju, R & Gibson, H. Introduction to open access. 15de jaarlikse Library and Information Association of South Africa-(LIASA-)konferensie, Kaapstad, Suid-Afrika, 7 Oktober.
 - Smith, I. Repositories: Benefits and challenges in changing scholarly communication. Die Kaapse Hoër Onderwys Konsortium (CHEC) se Digital University-simposium, Universiteit van Wes-Kaapland, 30 Oktober.
 - Tise, ER & Raju, R. Open Access: a new dawn for knowledge management. IFLA World Library and Information Congress, Singapoer, 17–23 Augustus.
 - Tise, ER. Action plan for the rehabilitation of cultural heritage of Mali. IFLA World Library and Information Congress, Singapoer, 17–23 Augustus.
 - Tise, ER. 2013. Libraries in support of education and knowledge creation. Namibia Library Symposium, Windhoek, Namibië, 7–9 Oktober.
 - Tise, ER. 2013. Navigating the global information environment: libraries as agents for culture and development. World Culture Forum, Bali, Indonesië, 25–27 November.
 - Van Wyk, E & Visser, N. Undergraduate student through the maze virtually: a step-by-step guide. 15de jaarlikse Library and Information Association of South Africa-(LIASA-)konferensie, Kaapstad, Suid-Afrika, 8–11 Oktober.

PUBLISHED ARTICLES

- Raju, R. & Schoombee, L. 2013. Research support through the lens of transformation in academic libraries with reference to the case of Stellenbosch University Libraries. *South African Journal of Libraries and Information Science*, 79 (2).
- Raju, R., Smith, I. & Gibson, H., 2013, Opening access to African scholarly content: SU's AOARI platforms. *Insights*, 26(1), <http://uksg.metapress.com/content/38r4130143706741/>
- Raju, R. & Smith, I. 2013. Stellenbosch University's AOARI platforms: opening access to African scholarly content. *Whydah: Information and policy magazine of the African Academy of Sciences*, 17(2):6

3.6. VOORSIENING VAN BAANBREKER-INFRASTRUKTUUR VIR INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Die BID het in 2013 voortgegaan om die bestaande tegnologie-infrastrukture op te gradeer om aan die eise van hedendaagse akademiese studente en navorsers te voldoen. Dit word weerspieël in die stigting van 'n nuwe Afdeling Digitalisering- en Digitale Dienste, die skep van 'n nuwe pos vir Microsoft-sisteemadministrasie ten einde lessenaarbestuurspraktyke te verbeter, die aankoop van 'n groot bewaartoestel vir gedigitaliseerde inhoud, die opgradering van 3G-selfoonontvangs in die JS Gerieke Biblioteek en deelname aan die ondersoek na die voordele van 'n nuwe biblioteeksisteemplatform.

3.6.1 Digitalisering en Digitale Dienste

Die Afdeling Digitalisering en Digitale Dienste is in Mei 2013 tot stand gebring. Digitaliseringsprojekte, hoofsaaklike projekte wat deur die Carnegie Corporation of New York Research Libraries Consortium-toekenning befonds word, word sedert 2012 bedryf. Ons het ook 'n paar ander, kleiner digitaliseringsinisiatiewe. Die stigting van die nuwe afdeling het daartoe gelei dat die BID die sentrale bestuur van hierdie projekte behartig en ook kon wys op die behoefte aan 'n aantal nuwe digitaliseringsprojekte, wat in 2013 ten uitvoer gebring is. Die opstel van 'n digitaliseringbeleid, die hersiening van werkvloei en die opneem van verantwoordelikheid vir die lêerbestuur van oorspronklike en afgeleide lêers in die argief is belangrike strategiese en administratiewe take wat nou as een van die sleutelpligte van die nuwe afdeling ingestel is. Die personeel in die afdeling bestaan uit die Bestuurder: Digitalisering en Digitale Dienste en die Assistent: Digitalisering en e-Bewaarplek.

3.6.2 SUNDigital Collections

Die stigting van die Afdeling Digitalisering en Digitale Dienste het ook gelei tot die ontwikkeling van die bestuursplatform vir oopbron- DSpace-inhoud wat die versamelings huisves, nou bekend as SUNDigital Collections. Die bewaarplek, wat in November 2013 bekendgestel is, is geslaagd: Dit huisves 19 versamelings wat uit altesaam 3 587 rekords bestaan. Die SUN-Digital Collections-bewaarplek is opgebou volgens 'n tematiese benadering tot gedigitaliseerde inhoud wat gebruikers met behulp van 'n hoogs toegespitste tussenvlak in staat stel om ryk digitale inhoud te pagineer en te stroom sonder om enige derdepartysagteware te installeer. As deel van die platform vir digitale versamelings is 'n netwerkgekoppelde bewaringstoestel aangekoop om die meesterkopieë van gedigitaliseerde argiefinhoud te bewaar op 'n stoortoestel wat geleidelik vergroot kan word namate die volume gedigitaliseerde inhoud mettertyd toeneem.

3.6.3 Retrospektiewe digitalisering van tesisse en proefskrifte


'n Projek is in 2013 aangepak om 2 961 US-tesis en -proefskrifte wat in hardekopieformaat is en in die tydperk 2000 tot 2005 geproduseer is, te digitaliseer. Die projek gaan vroeg in 2014 met volskaalse digitalisering begin, en die gedigitaliseerde volledige teks van tesisse gaan aan die bibliografiese rekords in die SUNScholar-bewaarplek gekoppel word.

3.6.4 Nuwegenerasie-biblioteekstelsel


Die BID het in ons hoedanigheid as lid van die Cape Library Cooperative deelgeneem aan 'n ondersoek na die huidige staat van nuwegenerasie-biblioteekstelsels vir bestuur. Die oogmerk was om die strategiese voordeel te bepaal wat met die ingebruikneming van sulke nuwe wolktegnologie veronderstel word. Die implikasies van die installering van sulke nuwe tegnologie sal gedurende 2014 grondig ontleed word om te bepaal hoe gereed die BID is om so 'n nuwe biblioteeksisteemplatform in gebruik te neem. As voorloper tot die inwerkingstelling van 'n nuwe biblioteeksisteem is daar alreeds begin om die OCLC WorldCat Local opspoorstelsel gelyklopend met die bestaande opspoorstelsel, Primo (SUNSearch), te gebruik.

4. SPESIALE VERSAMELINGS: BYDRAE TOT NAVORSINGSPUBLIKASIE-UITSET


Navorsers het deur 2013 heen die unieke versamelings en materiaal in die Afdeling Spesiale Versamelings geraadpleeg. Hier onder is party van die tasbare uitkomst van navorsing wat in hierdie afdeling onderneem is:



Angels of mercy: Foreign women and the Anglo-Boer War deur Chris Schoeman. Kaapstad: Zebra Uitgewers, 2013. Schoeman het 'n aansienlike hoeveelheid navorsing vir hierdie publikasie uit unieke Africana-bronne gedoen.



Incredible Tretchikoff deur Boris Gorelik. Kaapstad: Tafelberg, 2013. Boris Gorelik het 'n aansienlike hoeveelheid navorsing vir sy publikasie gedoen, hoofsaaklik uit die Amanda Botha-versameling in die Dokumentesentrum.



Eoan: Our story deur die Eoan History Project. Johannesburg: Fourthwall Books, 2013. Hilde Roos het foto's gebruik uit die André Pretorius- en die Amanda Botha-versameling, wat in die Dokumentesentrum gehuisves word.

Historia Literatury Południowoafrykańskiej deur Jerzy Koch. Warskou: Dialog, 2013. History of Afrikaans literature in Polish. Prof Jerzy Koch doen al 'n aantal jare lank in die Manuskripafdeling navorsing vir hierdie publikasie.



Mits dese wil ek vir jou sê: Briewe van Hennie Aucamp, saamgestel deur Petrovna Metelerkamp. Hermanus: Hemel en See Boeke, 2013. Die briewe van Hennie Aucamp wat in hierdie bundel opgeneem is, is geraadpleeg en word gehuisves by die Dokumentesentrum.

Pearls worth Rds4000 or less: Reinterpreting eighteenth century sumptuary laws at the Cape deur Stan du Plessis. Economic Research Southern Africa-werksdokument, nr 336, 2013. Prof du Plessis en sy assistent het 'n substansiële hoeveelheid navorsing vir hierdie publikasie uit unieke Africana-bronne gedoen.

Die digitalisering van sommige versamelings as deel van die Carnegie Corporation of New York Research Libraries Consortium-toekenning is afgehandel, maar die werk aan ander projekte is in 2013 voortgesit. Danksy die sorgvuldige proses waarvolgens hierdie items met metadata-rekords beskryf is, is hulle nou opspoorbaar deur enige internetsoekenjin asook op ons webblad.

5. BIBLIOTEK NAVORSINGSWEEK

Die Navorsingsteunkomitee het in 2013 die Biblioteek Navorsingsweek ontwikkel en bekendgestel en ander afdelings genooi om deel te neem. Die eerste Biblioteek Navorsingsweek is van 12 tot 16 Augustus 2013 aangebied en die tema van die week was 'Get Research SMART @ your Library'. Die oogmerk was om die vaardighede en kennis van ontlukende navorsers te ontwikkel en hulle met die nodige SMARTs toe te rus wat hulle op hulle navorsingspad kan laat koers hou. Die teikengehoor was ontlukende navorsers aan die US en het nagraadse studente ingesluit, en verskeie werksessies is aangebied met die volgende drie hoofokusareas:

- 'Writing Rescue': Ons red ontlukende navorsers daarvan om in die skryfproses vas te val deur die nodige vaardighede en kennis te ontwikkel wat hulle op koers sal help hou wanneer hulle in verskillende stemme vir verskillende doeleindes moet skryf.
- 'Research Collaboration': Hoe om eweknieë op te spoor en netwerke op te bou – ons help ontlukende navorsers om met eweknieë in aanraking te kom en die geskikte hulpmiddels te kies wat sulke samewerking sal fasiliteer.
- 'Research Therapy': Ons behandel die oorsake van navorsingverwante stres deur op verhoudinge en interpersoonlike interaksie in die navorsingsproses te fokus.



Die opening van Biblioteek Navorsingsweek: Van links na regs: Clinton du Preez (SR-lid), Prof Eugene Cloete (Vise-Rektor Navorsing en Innovasie) en Dr Reggie Raju (BID Direkteur: Kliëntedienste).

Gedurende die Navorsingsweek is steundienste op kampus uitgenooi om in die Biblioteek uitstallings te doen en hulle dienste te promoveer. Die Taalsentrum, SUNMedia, die Sentrum vir Statistiese Konsultasie en die Afrika Doktorale Akademie het die geleentheid benut. Die gunstige terugvoer het ons gevul met entoesiasme om hierdie geleentheid 'n jaarlikse instelling te maak.

6. SELFEVALUERING EN EKSTERNE EVALUERING

Die BID se selfevaluering in 2013 is uitgevoer ooreenkomstig US-beleide en -prosedures soos in die dokument 'Gehalteversekering aan die Universiteit Stellenbosch: Uitgangspunte en Raamwerk (2011–2016-siklus)' uiteengesit. Dit was die derde selfevaluering wat ons onderneem het. Die tweede selfevalueringsproses is in

2008 gedoen, terwyl die eerste evaluering as deel van die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys (HEQC) se institusionele audit in 2005 gedoen is.

Die selfevalueringsproses is geïntegreer met ons interne gehalteversekeringsraamwerk, wat met die Universiteit se gehalteversekeringsbeleid belyn is. Die maatstawwe vir ons selfevaluering is gegrond op die riglyne vir selfhersiening deur universiteitsbiblioteke wat die Komitee vir Hoëronderwysbibliotekarisse van Suid-Afrika (CHELSA) in 2007 aanvaar het. Die maatstawwe waarvolgens hierdie selfevalueringsverslag bespreek is, is: integrasie/belyning, hulpbronne, prosesse en diensgehalte. Die eksterne evaluering is deur drie eksterne panelede uitgevoer, naamlik me Janet Wilkinson van die Universiteit van Manchester in die Verenigde Koninkryk, me Heather Gordon van die James Cook-universiteit in Australië en me Gwenda Thomas van die Universiteit van Kaapstad in Suid-Afrika.

Daar was 'n bepaalde sinergie tussen die eksterne paneel se aanbevelings en die probleemgebiede wat die Biblioteek tydens die selfevalueringsproses uitgewys het. Die gebiede waar verbeter moet word, was onder meer die volgende:

- Rig biblioteekruimtes by al die takbiblioteke nuut in.
- Belyn strategie met bewysgebaseerde data, marknavorsing en gebruikersinsette/-terugvoer. Byvoorbeeld, kyk na biblioteke en universiteite in Afrika en wêreldwyd waarteen ons ons kan meet en strew in die proses na meer as beste praktyk.
- Ontwikkel 'n werkerskorpsplan wat die Universiteit se agenda vir transformasie strategies sal bemagtig en indiensneming toekomsbestand sal maak, asook kwessies soos opvolgerbeplanning, vaardigheidstekorte en vergoeding sal help oplos.
- Hersien sakeprosesse en werkvloei om tegnologiese hardeware en sagteware ten beste te benut, prosessering met die hand te verminder, koste te verlaag en doeltreffendheid te verhoog, selfdiens aan te moedig en prosedures oor alle biblioteke heen te standaardiseer.



Van links na regs: Mev. Janet Wilkinson, Mev. Heather Gordon en Mev. Gwenda Thomas.

Die Biblioteek sal in die eerste kwartaal van 2014 'n respons op die eksterne evalueringsverslag aan die Universiteit se Gehaltekomitee voorlê.

7. 13^{DE} JAARLIKSE SIMPOSIUM

Die Biblioteek het in November 2013 ons tradisie voortgesit om nuwe tendense in akademiese biblioteekwese te ondersoek deur die 13de Jaarlikse Simposium van 14 tot 15 November by die JS Gericke Biblioteek te hou. 'X-plore • X-pand • X-ceed: Ensuring dynamic academic libraries for the future' is gekies as sambreeltema om gesprek te voer oor nuwegenerasie-biblioteekstelsels, tendense en fokusareas wat e-boeke betref, nuwe verkrygingsmodelle, en hoe om verandering, kreatiwiteit en nuwe denke in biblioteekdienste te dryf. Besprekings is gelei deur 17 sprekers van wie 9 uit die buiteland was, onder meer die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk, Swede, Duitsland en Israel. Die simposium is deur 125 afgevaardigdes van oor die hele Suid-Afrika en buurlande bygewoon.

Akademiese biblioteke staan vandag voor die uitdaging van voortgesette tegnologiese verandering, voortdurende verskuiwings in gebruikersgedrag, en 'n toenemende aantal moontlikhede vir inligtingsopsoring en -oordrag in vakkundige publikasies. Die simposium maak 'n belangrike bydrae daartoe om bibliotekarisse toe te rus om kragtige en aanpasbare response te verwoord wat akademiese biblioteke in 'n onvoorspelbare toekoms kan help oorleef. In die lig van die omvangryke eise aan personeel se tyd en energie is egter besluit dat die Jaarlikse Simposium voortaan tweemaal sal plaasvind.

8. BEMARKING EN KOMMUNIKASIE

Die pers se aandag is in 2013 op die Biblioteek se Senior Direkteur, me Tise, gevestig deurdat IFLA haar genomineer het om te dien in 'n werkgroep van kundiges wat hulle onder die vaandel van Unesco (die Verenigde Nasies se organisasie vir opvoeding, wetenskap en kultuur) vir die herstel en heropbou van Mali se kulturele erfenis beywer en die nodige kapasiteit bou. Ander verslagdoening oor die Biblioteek het gefokus op ons 13^{de} Jaarlikse Simposium, die eerste Biblioteek Navorsingsweek en die aftrede van Steven Fredericks na 42 jaar diens aan die Biblioteek.

Soos gewoonlik is hulpbronne, dienste en fasiliteite deur die jaar heen bemark om te verseker dat gebruikers ingelig is oor wat die Biblioteek bied, en dat hulle dit doeltreffend benut. Die universiteitsgemeenskap is ook deurlopend ingelig oor wetenskaplike aktiwiteite en gebeure.

Die tendens om sosiale media soos Twitter en Facebook in te span om dienste en aktiwiteite te bemark, het in 2013 versterk en inderwaarheid die norm geraak. Die Biblioteek se Facebook-blad spog met 437 likes, en 187 persone volg ons op Twitter. Die Biblioteek het gedurende Nasionale Biblioteekweek 'n virtuele skattejag op ons Facebook-blad gehou. Die kompetisie het nie net studente meer bewus gemaak van die dienste en hulpbronne wat op die Biblioteek se webblad beskikbaar is nie, maar ook verkeer en die aantal likes op die Facebook-blad laat toeneem.

9. SLOTOPMERKINGS

Veranderings en ontwikkelings op die gebied van biblioteek- en inligtingswetenskap, en die snel vooruitgang in informasietegnologieë en dienste, het ongetwyfeld nuwe maniere meegebring waarop inligting wêreldwyd bekom, geberg en versprei word. Namate nuwe tegnologieë en dienste beskikbaar raak, ontwikkel daar nuwe uitdagings. Dit het professionele persone in die biblioteek- en inligtingswese genoodsaak om hulle instrumente te hersien ten einde goed toegerus vir hierdie uitdagings te wees. Soos in die inleiding gesê, het die BID goed reageer op die uitdagings en ontwikkelings wat hier bo beskryf word, en word ons steeds as 'n belangrike rolspeler beskou om ooptoegangspublikasie hier te lande sowel as op die Afrikakontinent te omskep. Die kundigheid wat aan die US beskikbaar is, bly hoog in aanvraag. Die onderskeie inisiatiewe brei die Biblioteek se rol voortdurend uit in die verlening van steun aan die Universiteit se kern- akademiese bedrywighede, naamlik leer, onderrig en navorsing.

